# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 232 · 7 MEI 2021**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za





**Bestelvorms beskikbaar by:**
**Leerders van Hoërskool Framesby | Algemene Kantoor 041 360 1257**





**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7

Beste Graad 9-ouer

**MAANDAG 10 MEI 2021 : VERPLIGTE GRAAD 9-VAKKEUSE/BEROEPSINLIGTINGSAAND**

Daar is altyd heelwat onduidelikheid by ouers en leerders oor watter vakke hulle in graad 10 moet kies, asook die wat hulle eendag wil beoefen. Die bestuur van die skool het dus besluit om mev. Izelle Palmer uit te nooi om inligting met ons graad 9-leerders te deel. Izelle Palmer is Sol-Tech se koördineerder vir bemarking en werwing.

Ouers, ons wil baie vroeg reeds die nodige inligting met u deel sodat wanneer u die vakkeuse-aand van Hoërskool Framesby bywoon, u reeds goed ingelig is.

Dit is uiters belangrik dat u hierdie verpligte aand saam met u Graad 9-leerder sal bywoon. Daar word egter slegs een ouer a.g.v. die Covid-reëls toegelaat. Hierdie inligting kan vir elke leerder se toekoms bepalend wees. Elke leerder behoort die mees ingeligte besluit te neem.

Die vergadering sal volgens Covid-regulasies aangebied word en sal dan Maandagaand
10 Mei 2021 as volg geskied:

Visse – 17:30 – 18:45
Kritte – 18:45 – 20:00

Maak asb. van Hek A gebruik en kom die saal binne aan die voorkant van die skool. U verlaat die saal deur die sydeure.

Ons hoop om u almal daar te sien.

Groete

**M GERMISHUYS**
**SKOOLHOOF**

**C LOFTUS**
**AKADEMIESE HOOF**

5 Mei 2021

**DINSDAG 11 MEI 2021 : GRAAD 11/12-BEROEPSINLIGTINGSAAND**

Daar is heelwat onduidelikheid by ouers oor beroepsinligting en watter keuses vir leerders beskikbaar is, na skool. Die bestuur van die skool het dus besluit om mev. Izelle Palmer uit te nooi om inligting met ons graad 11/12-leerders te deel. Izelle Palmer is Sol-Tech se koördineerder vir bemarking en werwing.

Ouers, ons kan ongelukkig net 120 leerders, vergesel deur een ouer per leerder, toelaat. Indien u en u kind die geleentheid wil bywoon, voltooi die afskeurstrokie en stuur dit teen Vrydag, 7 Mei 2021 saam met u kind terug.

Die vergadering sal by die Covid-regulasies hou en dan Dinsdagaand 11 Mei 2021 soos volg geskied:

Graad 11 – 17:30 – 18:45
Graad 12 – 18:45 – 20:00

Maak asb. van Hek A gebruik en kom die saal binne aan die voorkant van die skool. U verlaat die saal deur die sydeure.

Ons hoop om u almal daar te sien.

Groete

**M GERMISHUYS**
**SKOOLHOOF**

**C LOFTUS**
**AKADEMIESE HOOF**

5 Mei 2021

✂--------------------------------------------------------------------------------

Ek ______________________________ ouer van ____________________ in gr. **11/12** ___

neem kennis van die Beroepsinligtingsaand.

Maak 'n kruisie in die korrekte blokkie.:

Graad 11
Ek sal die aand bywoon | JA | NEE |

Graad 12
Ek sal die aand bywoon | JA | NEE |

Ouer handtekening: ________________ Kontaknommer: ______________

# Framesby Fondsinsamelingsmomitee (FFK)
# “Drive-through” Potjiekos
# Vrydag, 28 Mei 2021
# R60 per persoon

**Geagte Ouers**

U word hartlik na die Framesby Fondsinsamelingskomitee(FFK) se eerste fondsinsamelingsgeleentheid uitgenooi. Ons wil u aanmoedig om hierdie fondsinsamelingsgeleentheid te ondersteun en saam ‘n verskil te maak.

**Moenie uitstel nie - bestel onmiddellik om teleurstelling te voorkom!**



**Neem asb. kennis van die volgende:**

- Weens COVID-19 regulasies is hierdie ‘n “drive-through”-geleentheid.
- Ons sal u in kennis stel waar presies u die bestelling kan kom afhaal, asook van die tydsgleuf.
- Ons verskaf alleenlik voedsel.***GEEN EETGEREI.***
- Sodra die leerder die bestelvorm en betaling terugneem na die Algemene Kantoor, sal die leerder ‘n kaartjie(s) ontvang. Hierdie kaartjie moet getoon word wanneer die kos op die dag afgehaal word.
- *Bestelvorms & betalings moet teen Maandag, **17 Mei 2021** na die kantoor gestuur word.* Geen verdere bestellings sal na die afsluitingsdatum aanvaar word nie.

Indien u enige verdere navrae het, kontak, **Belinda Terblanche by 082 7812 876**

Vriendelike groete

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

BELINDA TERBLANCHE
FFK Voorsitter

HANDHAAF EN BOU

**POTJIEKOS BESTELSVORM: VRYDAG, 28 MEI 2021**
**(Sluit asb. alle betalings in.)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | | **Naam van Ouer** | | |
| **Naam van Leerder** | | **Kontaknommers** | | |
| **Graad & Seksie** | | **E-posadres** | | |
| **Potjieskos – met groente & rys** | **Aantal kaartjies** | | **Bedrag** | **R** |
| **Metode van betaling** | **SLEGS KONTANT** | | **Totale bedrag ingesluit** | **R** |
| | | | | |

**Admin:**

Datum vorm ontvang: ____________________ Handtekening: ____________________________

Kaartjienommers: ______________________________________________________

Leerder teken vir kaartjies: ______________________________________________

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OP TWEEKAMPKAMPIOENSKAPPE



Framesby-leerders het uitstekend by die OP tweekampkampioenskappe gevaar!

Baie geluk aan die leerders wat aan die OP Tweekampkampioenskappe deelgeneem het.

Annabel Jonck en Hugo Notnagel het derde plekke behaal. Terwyl Francois Vosloo en Terrence Oelofse albei eerste plekke behaal het.

# TENNIS-UITSLAE:

Die Growthpoint TSA Junior Nationals is vanaf 29 April tot 3 Mei in Bloemfontein gehou. Vier van ons tennisspelers het aan hierdie strawwe toernooi deelgeneem.
Hulle uitslae is as volg: Leila Nel (0/16) 8ste, Keaton Holm (0/16) 23ste, Emil Viljoen (0/16) 44ste en Chrisstian Viljoen (0/14) 26ste.

Na baie lang ure op die baan, het hierdie spelers baie goed presteer. Ons is voorwaar trots op julle.

Leila Nel het ook aan die TSA Vrystaat deelgeneem. Sy het 'n 5de plek in meisies 0/16 behaal. Baie geluk Leila!



# JUNIOR STADSRAAD-PROJEK

Die Junior Stadsraad samel botteldoppies en brood-"tags" in om vir rolstoelle te help betaal.

Danksy Framesby-leerders se warm harte, het die Stadsraad dertien ekstra sakke brood-"tags" en botteldoppies gekry. Die projek is steeds aan die gang. So kom ons maak saam 'n verskil, Framesby!



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BEKENDMAKING VAN FRAMESBY SE EERSTE HOKKIESPAN



V.l.n.r. Mnr. Drury, Milla Otto (o/kaptein), Anya Weyers (kaptein) en mev. Van Zyl



Agter: Rae-Ann van Zyl (spanbestuurder), Shani Dames, Chanelle Steyn, Denise vd Spuy, Mienke Vinson, Josie Strauss, Tristin Kearns, Anya Weyers (kaptein), Carla Gouws, Larunette Louw, Chrystal van Rensburg, Clarissa van Rooyen, Zoë Terblanche, Mnr Germishuys (hoof)
Voor: Jordan Drury (afrigter), Miecke Smuts , Milla Otto (o/kaptein), Nianke Bezuidenhout, Zanie Vlok



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# HELP DINK....



Ons wil baie graag vir ons klerewinkel en nuwe studentesentrum ‘n naam gee. Leerders kan hul voorstelle op ’n blaadjie skryf en dit by die Algemene Kantoor inlewer. Daar is ’n boks by die Algemene Kantoor vir die voorstelle. Maak seker jou naam en van is op die blaadjie. Sluitingsdatum: 14 Mei 2021

# FRAMESBY VIRTUELE TOER



Gaan loer na ons virtuele toer op ons Facebook- en YouTube-blad.
Die virtuele toer vervang ons Bekendstellingsaand a.g.v. covid.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Hoërskool Framesby

# DIE PLEK OM TE WEES!






## BUSDIENS VAN 2022

Private en veilige busdiens, Maandae tot Vrydae vanaf Uitenhage/Despatch na Hoërskool Framesby. Die bus vertrek soggens en laai die leerders na sport- en kultuur-oefeninge af.
Vanaf R1 600 tot R2 000 pm.

## NUWE VAKKE OP DIE HORISON

Die afgelope tien jaar spog Framesby met 'n slaagsyfer van 98,9%. In 2020 spog die skool met 'n 99%-slaagsyfer, 95% van die matriekgroep kan verder aan 'n tersiêre instelling gaan studeer waarvan 83% hul graadstudies kan doen en 12% kwalifiseer vir diplomastudies. Ons top student spog met 'n gemiddeld van 92,3% en sewe onderskeidings. Sy is ook aangewys as die derde beste leerder in die Port Elizabeth-distrik en het 'n volle beurs vir die duur van haar studies by die premierskantoor ontvang. Die volgende vakke is op die horison: Landbou, Kodering, Robotika en Visuele Kuns.

VOLG ONS OP

Vir verdere besonderhede kontak die hoof by 062 251 8966

041 360 1257 | skoolhoof@framesby.co.za | www.framesby.co.za

# FRAMESBY vs KINGSWOOD COLLEGE @ Framesby

## NETBAL EN HOKKIE

### Vrydag, 7 Mei 2021

Netbal:

| Tyd: | Baan 1: | Baan 2: | Baan 3: | Baan 4: |
|---|---|---|---|---|
| 14h30 | 0.19 B Framesby vs 0.19 B Kingswood | 0.14 C Framesby vs 0.14 C Kingswood | 0.15 B Framesby vs 0.15 B Kingswood | 0.16 B Framesby vs 0.16 B Kingswood |
| 15h10 | 0.14 A Framesby vs 0.14 A Kingswood | 0.19 D Framesby vs 0.19 D Kingswood | 0.14 D Framesby vs O.14 D Kingswood | 0.16 D Framesby vs 0.15 C Kingswood |
| 15h50 | 0.15 A Framesby vs 0.15 A Kingswood | 0.19 C Framesby vs 0.19 C Kinswood | 0.14 B Framesby vs 0.14 B Kingswwod | |
| 16h30 | 0.16 A Framesby vs 0.16 A Kingswood | 0.16 C Framesby vs 0.16 C Kingswood | 0.14 E Framesby vs 0.15 D Kingswood | |

Dogtershokkie: 1ste span @ 15:00

---

### Saterdag, 8 Mei 2021

Seunshokkie: 1ste span @ 09:00

Dogtershokkie: o.14 A @ 10:15

o.16 A @ 11:15

---

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# HOKKIE PROGRAM:

## SPAR EC SHOOLGIRLS' HOCKEY CHALLENGE
## HOËRSKOOL FRAMESBY
## 9 MAY 2021

| POOL A | POOL B |
|---|---|
| FRAMESBY | PEARSON |
| COLLEGIATE 1ST XI | ALEX |
| WESTERING | NICO MALAN |
| PEARSON u16A | COLLEGIATE u16A XI |
| | |

| NO. | TIME | POOL | TEAM | VS | TEAM |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 08H30 | A | FRAMESBY | VS | PEARSON u16A |
| 2 | 09H00 | B | PEARSON | VS | COLLEGIATE u16A XI |
| 3 | 09H30 | A | COLLEGIATE 1ST XI | VS | WESTERING |
| 4 | 10H00 | B | ALEX | VS | NICO MALAN |
| 5 | 10H30 | A | FRAMESBY | VS | WESTERING |
| 6 | 11H00 | B | PEARSON | VS | NICO MALAN |
| 7 | 11H30 | A | PEARSON u16A | VS | COLLEGIATE 1ST XI |
| 8 | 12H00 | B | COLLEGIATE u16A XI | VS | ALEX |
| 9 | 12H30 | A | FRAMESBY | VS | COLLEGIATE 1ST XI |
| 10 | 13H00 | B | PEARSON | VS | ALEX |
| 11 | 13H30 | A | WESTERING | VS | PEARSON U/16A |
| 12 | 14H00 | B | COLLEGIATE u16A XI | VS | NICO MALAN |
| 13 | 14H30 | FINALS | POOL A – 1ST | VS | POOL B – 1ST |

# RUGBY:

Vrydag, 7 Mei
(weg - Grey)

14B vs Grey PE - 15:00
15B vs Grey PE - 16:00

*Daar vind geen rugby meer Saterdag plaas nie.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# STUDENTESENTRUM VORDERING:





EINDPRODUK



INGEBRUIKNEMING: 26 Julie 2021

# FRAMESBY KLEREWINKEL



OORTREKTRUI
R250




PUMA
PET
R200



MASKER
R50




PUMA
"HOODIE"
R700


**DAAGLIKS OOP VAN 08:00 - 10:00**


SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7
facebook

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: CORNELL DU PREEZ





***"Hailed as the 'complete package', Du Preez is very strong physically, is an exceptionally good carrier and powerful in defence". – Scottish Rugby***

Ons gesels die week bietjie met Cornell Du Preez wat tans in Engeland rugby speel.

Cornell het in 2009 aan Framesby gematrikuleer. Wat Cornell die meeste van skool mis, is die tye saam met vriende en veral die sport. Dit is definitief een van die beste tye in jou lewe.

In graad 12 het hy die Beste Prestasie vir Sport by die jaarlikse prysuitdeling ontvang. Hy het eers vir die OP-Akademie rugbyspan gespeel en toe vir die SA Skole Akademiespan tydens die Craven Week. Na skool het hy aanbiedinge gekry om vir die Blou Bulle, Sharks en vir die Universiteit van Potchefstroom (Pukke) te gaan speel. Cornell het toe besluit om vir die Pukke te speel omdat hy Potch baie geniet het en omdat hul rugbyprogram baie professioneel is.


Tydens sy eerste jaar op universiteit het hy vir die Luiperds se 0/19- en 0/21-spanne tydens die Currie Cup gespeel. In 2011 het hy vir die Pukke in die Varsity Cup uitgedraf. Cornell het saam met die 0/20-Baba-Bokke na Argentinië vir 3 toetse getoer. 'n Paar weke later is hy toe in die Junior Wêreldbeker 0/20-Baba-Bokkespan ingesluit en was in al 5 toetse in Italië betrokke.

Aan die einde van 2011 het hy 'n kontrak by die Southern Kings geteken met die oog om Super

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Rugby te speel. Hy was dus deel van die 2012-span wat die Currie Beker vir die Kings gewen het. Hy is toe in die 2013-Super Rugbyspan vir die Kings se eerste Super Rugby-seisoen ingesluit. Cornell het 40 wedstryde vir hulle gespeel .

Na sy Super Rugby-seisoen het hy besluit om ’n kontrak met Edinburgh rugbyklub in Skotland te teken. Hy was daar van 2013 tot 2018. In daardie tydperk het hy 106 wedstryde vir hul gespeel. In 2015 is hy in die Guinness Pro 12 Dream Team opgeneem en ook as Speler en Spelers Speler van die Jaar aangewys. In 2017 het hy sy debuut vir Skotland gemaak. Hulle het teen Engeland op Twickenham  gespeel. Hy het sover nege toetse vir hulle gespeel. In 2018 het hy ‘n kontrak by Worcester Warriors in Engeland geteken. Hy is nog tans daar en het net oor die 40 wedstryde vir hul uitgedraf. In die toekoms beoog hy om in Frankryk vir ‘n paar jaar te gaan rugby speel. Daarna sal hy kyk wat wink op die horison.










# KONTAK ONS GERUS

Framesby spog met soveel oudskoliere wat naskool presteer. Indien jy van iemand weet en graag die persoon vir volgende week se Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.
Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-posadres om kontak te maak.

Omdat die skool nie altyd in kennis gestel word van prestasies nie, is die skool nie bewus daarvan nie. Ons weet daar is maar min mense wat iets oor hulself sal instuur, dus vra ons dat indien u van iemand weet wat presteer het, u ons sal kontak. Framesby is trots op al hul oudleerders en wil graag spog met almal se prestasies.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# REÜNIES 2021

Op die stadium word daar geen funksies a.g.v. Covid op ons skoolterrrein gehou nie. Ons sal reünie-groepe egter op hoogte hou indien reëlings verander.

Ons vra intussen vir die volgende jaargroepe (1971,1981,1991, 2001 en 2011) om foto's en stories aan na mnr. Rauch by wrauch@framesby.co.za te stuur.

Mnr. Rauch beoog om weer 'n gedenkblad vir die jare se reünie-groepe saam te stel. Ons vra ook dat die hoofleiers van elke jaargroep met hom sal kontak maak.



# FOTOJAARBLAD 2020

Die fotojaarblad van 2020 is by die algemene kantoor teen R100.00 beskikbaar. Dit sluit ook 'n gedenkblad van die afgelope 50 jaar in. Indien u nie in PE woonagtig is nie en belangstel om 'n fotojaarblad te bestel, kan u vir mnr.Rauch 'n e-pos by wrauch@framesby.co.za stuur.

# FRAMESBY OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskoliere

Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou.Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting **na fos@framesby.co.za** sal e-pos.

**NAAM EN VAN:** **NOOIENSVAN:**
**ID-NOMMER:**
**JAARTAL GEMATRIKULEER:**
**ADRES:** **PROVINSIE:**
**BEROEP:**
**TELEFOON:** **SELFOON NR:**
**E-POSADRES:**

**U inligting bly hoogs vertroulik.** Die rede hoekom ons u ID nommer benodig is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.

# UIT DIE ARGIEWE:



# Baaise meisie word gou deel van 'Egoli' se span

Roline Norval

PORT ELIZABETH. – Vars uit die skoolbanke – sy wag nog dat twee matriekvraestelle oorgemerk moet word – het Lindie van Eeden op eie houtjie tussen ervare aktrises en hul agente vir haar 'n rol in *Egoli* losgespeel.

In st. 6 was dit haar ambisie dat die hele skool moes weet wie Lindie van Eeden is. Toe word sy hoofmeisie. Met dié ambisie verwesenlik, het sy haar visier op die hele land gestel, en binnekort gaan almal wat *Egoli* kyk, weet wie sy is.

Van st. 8 was haar antwoord as iemand haar vra wat sy ná skool wil doen dat sy in *Egoli* gaan speel. Dat sy werklik 'n rol gekry het, terwyl haar enigste ondervinding 'n paar skoolopvoerings is, is iets wat sy nooit verwag het nie, sê sy.

Sy het Maandag gehoor dat sy die rol gekry het en moet al op 30 Januarie met die eerste opnames in Johannesburg begin. Al wat sy weet, is dat haar naam Karen gaan wees en dat sy die rol van 'n meisie gaan vertolk wat min of meer agtien jaar oud is, nes sy.

Sy is 'n kontrak van 'n maand aangebied en daarna sal die vervaardigers besluit of hulle meer van haar rol gaan maak en of sy uit die reeks gaan verdwyn.


Haar planne om B.Com. te studeer aan die UPE, waar sy 'n merietebeurs gekry het, gaan sy eers uitstel, sê sy. Sy is eintlik verlig, want sy was nie baie seker of sy op die regte kursus besluit het nie.

"Dit is omdat sy so voor op die wa is," is haar ma se kommentaar oor hoe 'n skoolmeisie van die Oos-Kaap Henry Milne, regisseur van *Egoli*, se aandag getrek het.

Sy het verlede jaar en die jaar daarvóór aan toneelkompetisies van Dalro deelgeneem waar Milne een van die beoordelaars was. Toe sy uitvind wie hy is, het sy hom tromp-op geloop en gesê sy soek 'n rol in *Egoli*. Hy het gesê sy moet haar besonderhede stuur.

Sy was heel uit die veld geslaan toe sy twee weke gelede vir 'n oudisie Johannesburg toe ontbied is. Sy was een van vyf wat vir die finale oudisie gekeur is. "Die ander het almal agente gehad en ek het nie gedink ek het 'n kans tussen sulke ervare mense nie," sê sy.

**Lindie van Eeden, wat eersdaags in die TV-reeks *Egoli* te sien sal wees.**



**Seun laat talle harde baarde in stof byt toe hy spiere bult**

Met spiere gespan en 'n gesteun en gekreun het deelnemers eergister sake uitgespook om te kyk wie die Baai se sterkste man is. Dieter Helnemann (18), 'n st. 8-leerling aan die Hoërskool Framesby, moes soos ander deelnemers dié vragmotor so vinnig moontlik oor 30 m trek. Hy het talle ouer manne uitgestof en tweede geëindig. Die algehele wenner was Johann Cronjé.

Foto: Deon Ferreira



**Internasionale erkenning:** Lilian Zeelie, 'n gr. 9-leerling van die Hoërskool Framesby in Port Elizabeth, het 'n toekenning van die Trinity College of Music in Londen ontvang. Sy het die hoogste prestasie in Suid-Afrika vir die gr. 6-blokfluiteksamen verlede jaar gekry. Dié toekenning is aan slegs vyf Suid-Afrikaanse musici toegeken.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE ARGIEWE:



## Dié Framesby-krieketspan het alle opposisie uit sy pad gevee

Die Hoërskool Framesby se eerste krieketspan was vanjaar onoorwonne. Van links voor is Shaun Bosch, Riaan van der Mescht, mnr. Anton Kruger (afrigter), Hume Melville en Tiaan de Jager. Agter is Tobie Pretorius, Ryno Bekker, Elandre van Zyl, Bernard Delport, Karel-Jan Nothnagel, J.P. Joubert, Richard van Onselen en Rudi Bellingan. Die kaptein, Roelof Viljoen, was afwesig.



Elri de Wet

## PE leerling pak tasse vir Skotland

PORT ELIZABETH. – Elri de Wet, 'n graad 11-leerling van die Hoërskool Framesby en vise-president van die Port Elizabeth-Oos Jeugforum, is aangewys as verteenwoordiger vir 'n uitruilskema in Skotland.

Sy vertrek op 20 Julie na Skotland, waar sy drie weke lank by 'n Skotse gesin sal tuisgaan. Tydens dié drie weke sal sy ook 'n skool bywoon en inligting oor die jeug van Suid-Afrika oordra. In ruil daarvoor sal 'n verteenwoordiger van die Skotse jeug die Baai in 1998 besoek.



## ong Baaise skuts skiet vir hulle plek oop in nasionale spanne

ê groepie skuts van die Oosap het pas teruggekeer van 'n nasionale kompetisie in Transvaal. Hulle is met 'n Hercules-vliegtuig van die Lugmag vervoer. Van links is Theo Potgieter (Framesby), Stefan Smit (Brandwag), Werner Putter (Volkskool), Jacques Kotze en Manie Janse van Noordwyk (albei van Framesby). Theo en Manie is albei Junior Springbokke, terwyl Stefan in die H-Leerspan, Werner in die Presidentspan en Jacques in 'n nasionale groep ingesluit is.



**Top-student vereer:** Verlede jaar se top-student in die Oos-Kaap, me. Yolandi Ferreira, het eergisteraand 'n goue medalje van Port Elizabeth se stadsraad ontvang. Ferreira, wat verlede jaar aan die Hoërskool Framesby gematrikuleer het, is 'n mediese student aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Links is Herman Engelbrecht, 'n matrikulant van die Hoërskool D.F. Malherbe, wat 'n brons medalje ontvang het, en regs staan Francous Botha, 'n matrikulant van die Hoërskool Andrew Rabie, wat 'n silwer medalje ontvang het. By hulle is die Baai se burgemeester, mnr. Nceba Faku. **Foto: Deon Ferreira**



**Sing met Randall en Koba:** Die bekende koor van die Hoërskool Framesby het onlangs saam met die gewilde Afrikaanse kunstenaars Randall en Koba Wicomb in die Goldfields ouditorium by die Port Elizabethse Technikon opgetree. In die middel voor is mev. Zetha Coetzee, afrigter van die koor.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# TIDY TUCS TAILORS

# Are you ready for the Farewell ?

**We make custom made tailored suits according to your style specifications with unmatched perfection, desired fittings and trends at affordable prices !**

*All kind of clothing alterations done while you wait!*





Shop no. 14, Next to Woolworths, Sunridge Village
Kragga Kamma Road, Port Elizabeth
Contact: 062 626 0385